Zuma weier weer om Malema stil te maak

Vrydag, 12 Maart 2010

President Jacob Zuma het weereens vir die ANC Jeugleier, Julius Malema, in die bresse getree en gesê hy sal hom nie laat dwing om Malema stil te maak nie.
Hy het aan die Mail & Guardian gesê Malema het die reg om sake te opper en as hy gestop word, sal daar weer gesê word apartheid het teruggekeer. Zuma sê selfs Nelson Mandela was een van die luidrugtigste jeugligaleiers.